

Alles het daarop gedui dat die pekanneutvertakking 'n sukses sal wees, en dit is. Hulle begin nou, ná tien jaar, die vrugte daarvan pluk.

DIVERSIFIKASIE – DÍT IS WNG BOERDERY IN DIE PETRUSBURG-DISTRIK SE LEUSE, 'N BOERDERYTEGNIK WAT HULLE AL DIKWELS UIT DIE MODDDER UIT GEHELP HET. SOOS NICO VENTER, EEN VAN DIE DRIE BROERS AAN DIE STUUR VAN DIE BOERDERY, SÊ: “JY MOENIE AL JOU EIERS IN DIESELFDE MANDJIE HÊ NIE. AS IETS MET DIE EEN DING VERKEERD LOOP, IS DAAR DAREM WEER DIE ANDER ASPEKTE OM OP TERUG TE VAL.” DIE UITDAGING IS OM AFDELINGS IN JOU BOERDERY TE IDENTIFISEER WAT NIE MEER FINANSIEEL LONEND IS NIE EN SULKE AFDELINGS UIT TE FASEER.



Sukses kom in 3's

> TEKS: ELMARIE SCHOEMAN > FOTO'S: WAYNE VILJOEN



“Omring jou met kundige persone, veral chemiese raadgewers wat giwwe en kunsmis aanbetref, asook grondontleders. Hulle is daar, gebruik hulle.”

Hierdie drie broers, Willie, Nico en Gerhard, het van kindsbeen af reeds 'n liefde vir boerdery ontwikkel toe hulle in 1964 na die plaas, Attleborough, getrek het waar hulle oupa geboer het. Ná skool het al drie uiteindelik na die plaas getrek en by die boerdery, wat daardie tyd uit droëlandmielies, -koring en vee bestaan het, aangesluit.

Op Attleborough plant hulle tans aartappels, knoffel, uie, sonneblom, pekanneute onder besproeiing, mielies en sonneblom, wat hulle

onlangs in die plek van koring ingebring het, op droëland. Volgens Gerhard het hulle besluit om die verbouing van koring te staak as gevolg van die swak prys, wat dit nie meer winsgewend gemaak het nie. “Die feit dat ons nou sonneblom en mielies saam plant maak dit 'n baie moeilik bestuurbare boerdery, maar dit is noodsaaklik, sê hulle. Hulle het ook 'n veevertakking van ongeveer 300 beeste.

Vier jaar gelede het hulle die plaas Gruisrant in die Luckhoff-distrik naby die Vanderkloof Dam,

vervolg op bladsy 10

Nie alle bakkies is dieselfde nie...



Sukses kom in 3's

vervolg van bladsy 9

gekoop as deel van hulle diversifikasie-strategie. Nico bestuur dié plaas, waar hulle mielies, koring, ertjies en sojabone, alles onder besproeiing, verbou.

BESPROEING IN DIE DISTRIK

In 1981 het hulle een van die eerste spilpunte in die omgewing opgesit. Hulle glo jy moet jou water bestuur en maak van besproeiingskedulering gebruik

om nie water te mors nie. Die grootte van die spilpunt is ook belangrik: “Moenie 'n groter spilpunt opsit as waarvoor jy water het nie, gebruik jou water oordeelkundig,” se hulle.

Die drie is van mening dat besproeiing jou van 'n vaste inkomste verseker. “Jy het beheer daaroor. Op droëland is jy aan die natuur uitgelewer. Jy kan ook groente, soos aartappels, onder besproeiing verbou

Nico, Gerhard en Willie Venter glo in diversifikasie en om afdelings in jou boerdery wat nie finansiële lonend is nie, uit te faseer.



wat jy nie op droëland kan doen nie. Besproeiing bied 'n kommoditeit waarmee ons 'n hoë inkomste kan genereer.”

Werkskepping is ook een van die voordele van groenteproduksie omdat dit meer arbeidintensief is. WNG maak tans van 35 permanente werknemers gebruik en wanneer die aartappels, knoffel en uie geoes word, word daar vir 160 werkers oor 'n tydperk van twee maande werk geskep.

DIVERSIFISEER

'n Produsent in hulle distrik, Heinrich Weideman, het ongeveer 12 jaar gelede navorsing oor pekanneute begin doen en die drie broers se belangstelling geprikkel. “Alles het daarop gedui dat dit 'n sukses sal wees en dit is. Ons het pekanneute wanneer Amerika nie het nie en die Chinese koop baie pekanneute as geskenke. Die bome het wel 'n lang wagtydperk van ses jaar ná vestiging, maar ons begin nou die vrugte daarvan pluk,” sê hulle.

Die aartappels het ook 'n groot verskil in die boerdery gemaak. Omdat hulle op die plaas baie water en goeie grond het, beide 'n vereiste vir

aartappelproduksie, is dit die ideale gewas vir 'n hupstoot wat die boerdery se finansies aanbetref. Al probleem wat hulle tans ondervind is die insetkoste wat baie hoog raak en die feit dat 'n voedselmaatskappy bevrore skyfies van oorsee af invoer. Volgens hulle is daar gedurende verlede seisoen ook baie knoffel van China af ingevoer, wat 'n beduidende invloed op die Suid-Afrikaanse mark het.

WNG boerdery pas 'n wisselboustelsel op Gruisrant toe waar hulle sojabone en ertjies met koring en mielies afwissel. Op Attleborough word sonneblom met mielies afgewissel. Op die droëland werk hulle net op 'n rustende land sisteem omdat dit 'n lae reënval area is en die kans vir 'n misoes minimaliseer. “Ons maak eers grondvog bymekaar en dan plant ons.”

PETRUSBURG IS 'N LAE REËNVAL-DISTRIK

Van 1983 tot 1987 het die distrik 'n knellende droogte ervaar wat die boerdery geknou het. Hulle het besluit om grond te verkoop om hul besproeiing

vervolg op bladsy 13



L3218/B2_A Lára.co.za

Sukses kom in 3's

vervolg van bladsy 11



NICO VENTER

Nico het twee seuns en een dogter

Twee dinge waarsonder hy nie kan klaarkom nie:

- My vrou
- Die Here

Vir ontspanning vang hy graag vis en jag.



WILLIE VENTER

Willie het vier seuns.

Beste raad wat hy al ontvang het:

Om niks half doen nie, maak klaar wat jy begin het.

Gunsteling dis: Kerrie en rys



GERHARD VENTER

Gerhard het drie dogters.

Drie dinge waarsonder hy nie kan klaarkom nie:

- Ons Hemelse Vader
- Selfoon
- Familie

• **Gunsteling seisoen:**

Winter, omdat dit jagtyd is.

• **Gunsteling dis:** Steak

te finansier. Volgens Gerhard is Petrusburg-mense, lekker mense. "Tydens die droogte het die boere in die distrik baie swaar gekry en na aan mekaar gekom. Die ouens het nou nog 'n oop hand in Petrusburg en dit is 'n heerlike gemeenskap om in te boer," sê hy.

Alhoewel hulle voorstanders van presisieboerdery is, is hulle van mening dat die opbrengs in Petrusburg te laag is om dié praktyk te regverdig. Hulle maak veral van kundiges gebruik om hul boerdery te ontleed en hulle te adviseer. "Omring jou met kundige persone, veral chemiese raadgewers wat giwwe en kunsmis aanbetref, asook grondontleders. Hulle is daar, gebruik hulle," sê Gerhard. Gerhard is verantwoordelik vir die finansies en administrasie van die besigheid. WNG maak

van Senwes se silo's gebruik, verkoop van hulle graan aan Senwes en doen hulle bemerking en finansiering deur Senwes. "Ons koop ook meer as die helfte van ons produksiemiddele by Senwes. Die feit dat Senwes winkels op die klein dorpie het, is ook baie voordelig," sê hulle.

Die drie broers se wens vir die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou, is dat daar 'n beter verhouding tussen die regering en die produsente sal wees. "Op dié stadium voel dit amper vir die produsente asof hulle teen 'n muur baklei," sê hulle. ●



Elmarie Schoeman is die Redakteur van Senwes Scenario. Skakel haar by (018) 468-2716 vir meer inligting of stuur 'n e-pos na elmarie@infoworks.biz. ●

Ontwikkel vir die regte doel



L22171B3_A ©pioneer.co.za

Kies die regte saad vir die regte land

Tel: +27 12 683 5700 www.pioneer.com



PIONEER
A DUPONT BUSINESS